

Dagsê alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria.

Ek is nog steeds besig om ou koerante te lees en 'n index daarvan op rekenaar te maak. Dit is vreeslik interessant, ongelukkig gee hulle nie altyd al die inligting nie. Daar word bv. geskryf dat 'n funksie gehou was in die huis van Struben maar hulle sê nie waar Struben se huis was nie. In daardie tyd het almal geweet waar dit is.

Twee van my kaarte is nou ook op Mikrofilm. Een is **Melville's Plan of Pretoria and Suburbs** van 1899 en die ander een is 'n kaart van 1911. Heelwat van die voorstede was toe nog nie opgemeet nie en in baie gevalle is die naam van die eienaar van die gedeelte op die kaart aangedui.

Vandag wil ek 'n stukkie skryf oor 'n foto. In die "Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in Beeld" op bladsy 25 verskyn die foto met die byskrif **President Burgers en sy familie op die stoep van hul huis in Prinsloostraat oorkant die mark. Mev. Burgers sit heeltelmal regs.**



President T. F. Burgers [15 April 1834 – 9 Desember 1881]

Thomas Francois Burgers was die jongste seun uit die derde huwelik van Barend Jacobus Buger, 'n Graaff-Reinetse veeboer, met Elizabeth Magdalena Theron. [Hy het in later jare self die "s" agter sy naam bygevoeg.] Na sy skoolopleiding in Graaff-Reinett studeer hy teologie in 1853-1858 in Utrecht, Nederland. Terwyl hy oorsee was trou hy met 'n skotse meisie Mary Bryson [1838 – 26 April 1929]. Terug in sy vaderland bedien hy die N.G. Gemeente Hanover. Hier raak Burgers in 'n hewige kerkstryd betrokke, word hy deur die Kaapse Sinode geskors en beroep hy hom op die Hooggeregshof, wat in sy guns beslis.

Op aanbeveling van president Brand [Vrystaat] word burgers tot President van die Suid-Afrikaanse Republiek verkies en op 1 Julie 1871 lê hy die ampseed af. Op 27 April 1877 hys Theophilus Shepstone die Britse vlag in Pretoria en word Burgers se presidentskap beëndig.

Na die anneksasie het Burgers gebroke en siek – hy het reeds lank probleme met sy milt ondervind – sy laaste lewensjare eers in Kaapstad en later op plase in die distrikte Hanover en Richmond deurgebring. Op 26 November 1895 het die Transvaalse regering sy oorskot in die Ou Kerkhof, Pretoria herbegrawe. ‘n Standbeeld vir Burgers is in Burgerspark [na hom vernoem] opgerig. [M.C. van Zyl Pr no. 50 & 51 p65]

Die volgende kom uit die Volksstem. Die datum wat ek gee is die datum van die koerant en nie noodwendig die datum van die gebeure nie. Ongelukkig het ek nog geen koerante van 1870/71 nie. Ek sou vreeslik graag wou lees oor Burgers se verkiesing tot President. Wie het teen hom gestaan? Hoeveel stemme het hy gekry? Watter rol het hy gespeel in die ZAR voor sy verkiessing? ens.

1873-08-12 Berig uit Kaapstad. Mev. Burgers en haar vyf kinders het op die Asiatic na Europa vertrek.

1873-10-10 Dit is met leedwese dat ons verneem dat mevrou Burgers byna altyd in haar kajuit is weens seesiekte alhoewel dit dikwels mooiweer is.

1873-12-27 Die verjaarsdag van mevrou Burgers is gister in Pretoria gevier. Vlae wapper van byna elke huis en twee uur die middag word ‘n saluut gevuur. Mag sy nog lank vir ZHEd. gespaar bly.

1874-03-21 Dit is met groot verdriet dat ons die gerugte bevestig oor die siekte van ZHEd. die President. Hy het ‘n erge aanval van bloedloop van die maag, dieselfde as wat hy voorheen in Pretoria en Leydenburg ondervind het. Dr. Rutherford word in konsultasie geroep met Dr. Poortman om die president te behandel.

Die Volksraadsitting sal uitgestel word en daar word aanbeveel dat twee maande “verlof weens siekte” aan die president toegeken word. [Daarna word daar weekliks verslag oor die president geplaas. Soms gaan dit beter en soms het hy weer ‘n terugslag ondervind.]

1874-04-04 Met groot genoë wil ons aan ons lesers die heuglike tyding bring dat die beter gaan met die president. Hy is egter nog baie swak.

1874-04-18 Berig uit London. Op die 15de Februarie het mev. Burgers die lewe geskenk aan ‘n dogter.

In dieselfde koerant is ook ‘n berig oor die president se verjaarsdag. Woensdag 15 deser was dit die verjaarsdag van ZHEd. die president. Die middag word, onder leiding van die kaptein van die Artillerie, ‘n dawerende saluut gegee. Van drie verskillende punte af. “Een stuk was geplaas op de ten zuiden der stad, een op die kop ten Noord-Oosten, en het derde op het Markplein [Kerkplein]. De regelmatigheid in het vuren zoowel als het behandelen der stukke trek ierder’s aandaght.” Na die saluut word drie hoeras aangehef en ‘n heildronk gedrink op die spoedige herstel van die president. [Die Staatsartillerie is so pas gestig en al hul vertonings is nuuswaardig en word met groot belangstelling gevolg]

In die koerant is daar ook ‘n berig uit die “Cape Argus” wat meld dat Buchanan sal waarneem tydens die President se siekte. Die Volksstem berig egter dat die mense in die Kaap nie op hoogte van sake is nie. Volgens die grondwet moet die oudste lid van die Uitvoerende raad, in hierdie geval M.W. Vorster, waarneem as President.

1874-07-11 Dit gaan nog glad nie goed met die President nie. Dr. Bosselberg het nou, met groot opoffering van sy praktyk in Kaapstad gekom om die president te behandel. Later op 26 Desember word ere burgerskap van die Republiek aan Dr. Bosselberg toegeken.

1874-08-08 Mev. Burgers en haar kinders het in Kaapstad aangekom. Haar teenwoordigheid sal sonder twyfel baie bydra tot die verdere herstel van haar hooggeagte en vir die staat onmisbare eggenoot.

1874-09-12 Mev. Burgers word om vieruur die middag terug verwag. By al die pakhuse [winkels] en meeste van die huise word vlae opgehang en die staatsartillerie het aangetree. ‘n Groep inwoners ry haar uit om haar in te wag. Weens die slegte weer het die president besluit om haar tuis in te wag.

Toe haar geselskap nie om vier uur opdaag nie is mense huistoe, sodat daar nie baie mense teenwoordig was toe sy uiteindelik ariveer nie.

Om kwart oor 5 ry sy Pretoria binne en word deur 'n artillerie saluut verwelkom. Die wa hou stil by die huis van die staatsprokureur waar ZHEd. op die oomblik loseer. Hulle laai die president daar op en ry toe na hulle eie huis.

Mev. Burgers sal Donderdae en Saterdag van 12 – 2 uur in die middag besoekers ontvang.

Burgerskruis

Ek is nou al weer besig om van die punt af te dwaal maar vir my is dit 'n interessante stukkie geskiedenis. In die volksstem van 19 September 1874 word melding gemaak van die Burgerskruis wat aan twee dames toegeken word. Hulle is Mej. McLachlan en Jongej. Espag. In die brief wat die toekenning vergesel skryf pres. Burgers dat dit toegeken word uit opregte erkentlikheid vir hul vriendelike en toegewyde selfopoffering in diens van die siekes van die goudvelde. Mag hulle eendag hul beloning in die Hemel ontvang. Mag die burgerskruis hul herinner aan die kruis in die lewens van hul medemens wat hulle so edelmoedig help verlig.

President Burgers se huis

Die huis het gestaan op die Suid-Oostelike hoek van Kerstraat en Prinsloostraat. Dit was eers die woning van Herman Jeppe, later president Burgers, toe die Britse Resident en nog later was dit die huis van Wessel Louis. Langsaan in Prinsloostraat was die Opleidingskool van Louis wat later die skool van Jan Celliers geword het. [H.M. Rex. Pr no. 55 p 9] Volgens oorlewering was die huis geel geverf en sou vandag hoog in die mode gewees het.

President Burgers se kinders

Op die foto sien ons vier dogters en 'n baba in die stootwaentjie. Ek het probeer maar dit is nie moontlik om te bepaal wie die kinders is nie. Burgers het 10 kinders gehad, twee seuns en agt dogters waarvan drie vroeg sterf. Die name wat ek kon opspoor is as volg:

Elizabeth [*28-06-1859]

Mary Adeline [*09-07-1862 -- 1943]

Sy trou in 1887 met regter Sameul Gerhard Jorissen [*10-03-1857 – 03-09-1889] seun van dr. E.J.P. Jorissen.

Emma Magdalena [*26-03-1865]

Ellen [*07-02-1867]

Herbert Bryson [*08-03-1869 – 1931]

Volgens Ton Andrews was hy die tweede seun van pres. Burgers en is in die ou Kerkhof in Pretoria begrawe. Sy tweede naam Bryson is afgelei van sy moeder se nooiensvan.

Florence [*02-05-1870]

Volgens Bridget Theron "Pretoria at war 1899 – 1900" was sy een van die verpleegsters in die Bourke Hospitaal in Pretoria. Voor die oorlog was die gebou gebruik as koshuis vir die Staatsmodelskool.

Maud Eliza [*1873 -- 1873]

Oorlede op 5 maande en begrawe in die Burgers familie plot.

Beatrice Mabel [*15-02-1874 – 1948]

Sy is in London gebore tydens haar moeder se besoek aan Europa. Sy was ook 'n verpleegster in die Bourke Hospitaal. Dit lyk nie asof die twee dogters enige formele verpleegopleiding gehad het nie. Miskien moet hulle eerder verpleeg assistente genoem word.

Thomas Francois Roland [*09-07-1878 – 12-09-1910]

Jongste seun van pres. Burgers

Dit was baie interessant om die kinders op te spoor maar dit bring my nog niks nader aan wie op die stoep sit nie.

Die kanon

Is daar miskien iemand wat meer inligting het oor die kanon. Is dit sommer net as versiering daar geplaas of was dit werklik gebruik om die president te beskerm. In een van Gustav Preller se Historiese Opstelle noem hy dat pres. Burgers [voor 1874] na Europa is om 'n aantal kanonne te koop. Is dit miskien een van die kanonne. Daar was ook ander kanonne in privaat besit. John Robert Lys het 'n kanon gehad wat hy elke jaar afgevuur het om die Britse Koninging se verjaarsdag te gedenk.

Die fotograaf

As ons kan bepaal wie die fotograaf is kan ons moontlik 'n benaderde datum aan die foto gee. Regs onder op die een paal is iets wat lyk soos IP of IR wat moontlik die fotograaf se naam kan wees. Kan iemand miskien help!!!

Die volgende van Mari Morsterd. Is hier miskien iemand wat kan help?

lets waaroor ek nog altyd wonder, is die straatlampe van die ou tyd. Ook die lampe in die kerke. Dit lyk my daar is nie aanddienste gehou nie, slegs oggend en middag dienste. Was dit te wyte aan die feit dat daar nie voldoende ligte was in die kerk nie?

Ek sou ook graag wou weet, wat is die beroepsnaam gewees van die persoon/persone wat die straatlampe moes aansteek en uitblaas ?

Ek hoop jy het meer inligting in jou groot versameling. [Mari]

M.C. Heunis vra dat ek asseblief die volgende onder julle aandag bring.

[Ek het die engelse deel uitgegee, nie dat ek iets teen engels het nie maar bloot om plek te spaar.]

Die FORT SCHANSKOP VERENIGING/

Nooi u hartlik uit na:

'n Huldeblyk aan Pres. Paul Kruger
1825 - 1904)

DATUM: Donderdag, 8 Julie 2004
TYD: 18:30-21:00
PLEK: Manschappen Konferensiefasiliteit by Fort Schanskop,
Voortrekkermonument Erfenisterrein.
KOSTE: R40.00 p.p. Kontantkroeg beskikbaar
DRAG: Informeel

PROGRAM VIR DIE AAND

- **18:30** Registrasie en sjerrie
- **19:00** Verwelkoming: Mnr. M.C. Heunis, Voorsitter van die Fort Schanskop Vereniging
- **19:05** **Me. Anneke Lugtenburg** van Kruger Museum: *Kruger in Amsterdam*
- **19:40** **Mnr. Anton Jansen** van die Tshwane Geboue-erfenisvereniging: *Die verlede, hede en toekoms van die Krugerstandbeeld op Kerkplein*
- **20:00** Aandete (Groentesop en broodjies)

R.S.V.P: Voor 30 Junie 2004
Mev./ Vicky Heunis
Tel: +27 (012) 326-6770
Faks: +27 (012) 326-8374
E-pos: navorsing@voortrekkermon.org.za
Posbus 1514, Groenkloof, 0027, Pretoria

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel